Uitgawe: 6/1/2018 **Datum: 22 Februarie 2018**

Uit die kantoor:

Meelewing:
Ons dink in hierdie tyd aan Mnr. Coomans en sy familie met die afsterwe van hul kleinseun.

Mnr Coomans sal dus vir 'n paar dae nie beskikbaar wees nie. As gevolg van bg. sal die beplande Beheerliggaam-vergadering van 22 Februarie nie kan plaasvind nie en sal dit noodgedwonge verskuif tot verdere kennisgewing.
Ouers wat aansoek gedoen het vir korting/kwystskelding sal teen die 9e Maart in kennis gestel word van die uitslag.

Atletiek:
Baie geluk aan al ons atlete wat tydens die Motheo-Xhariep byeenkoms pragtig presteer het. Tjokkies is voorwaar trots op elke seun en dogter. Geluk aan die atlete wat deurgedring het na die Vrystaat Kampioenskappe wat op Saterdag 3 Maart plaasvind.

Swem:
Baie geluk ook aan ons Tjokkie-swemmers wat tydens die Suid-Vrystaat swemkampioenskappe soos visse in die water was en ook goed presteer het.

BELANGRIKE DATUMS

22 Feb: Nominasies vir die Beheerliggaamverkiesing open. Vorms beskikbaar by die kantoor.

23 Feb: Senior koorkamp

24 Febr: Senior koorkamp

24 Feb: Voortrekkers: Aksie-krieket by Tempe se sportgronde. Gr 6 en 7 Voortrekkers kyk briewe vir finale reëlings.

Onthou asb ook van die Voortrekkerledevorms wat ingehandig moet word.

26 Feb: O/9 krieketliga

27 Feb: O/11 krieketliga

28 Feb: Sluitingsdatum vir korting as u skoolgeld eenmalig betaal.

1 Mrt:
0/13 Krieketliga
Boekuitstalling in die saal.

Spelkompetisie. Sterkte aan ons deelnemers.

VERJAARSDAE

1 Mrt: Me Beaulah du Plessis administraiewe beampte verjaar

UITSLAE:

Tweekamp
Anieke Helmand is ingesluit in die dogters 0/13 Suid-Vrystaat A-span vir Tweekamp wat op 30/31 Maart aan die SA Tweekamp in Pretoria gaan deelneem.
Baie geluk!

Atletiek
Inge Pretorius (O/13) en Robyn Viljoen (O/11) het tydens die Motheo-Xhariep atletiekbyeenkoms elkeen 'n nuwe rekord in verspring behaal.

Geluk ook aan Tjokkies se O/10 dogterspan wat die skild verower het vir die beste O/10 dogterspan van die byeenkoms.

Swem
14 van Tjokkies se swemmers is ingesluit in die Suid-Vrystaat swemspan wat volgende week aan die Vrystaat Kampioenskappe gaan deelneem. Sterkte!

Baie geluk aan Nachke van der Walt wat tydens dieselfde kampioenskappe aangewys is as die beste "Multi Class" dogterswemmer van die dag.

Ons wys ouers weer daarop dat ons net uitslae van leerlinge wat vir provinsiale spanne gekies is publiseer. Dit geld vir skool en buite skool sport- en kultuur prestasies.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

BETALING VAN SKOOLGELD EN MIDDAGSTUDIE

Skoolgeld
Ouers wat die opsie van eenmalige betaling verkies, let asb daarop dat die sluitingsdatum daarvoor 1 Maart 2018 is.

Middagstudie
Middagstudiegelde vir die eerste kwartaal was alreeds betaalbaar. Kinders wie se gelde uitstaande is, ontvang eersdaags briewe. Anders as skoolplig is middagstudie ‘n opsionele diens wat die beheerliggaam lewer en indien u versuim om daarvoor te betaal, kan u kind geweier word.

BUITEMUURS

Aangeheg is die Interimrooster wat DV Maandag 26 Februarie in werking tree vir netbal en 5 Maart vir rugby. Maak asb. seker dat u kind by die tye inskakel soos op die rooster uiteengesit is.

Swemmers wat egter aan die Vrystaat Kampioenskappe gaan deelneem, moet egter steeds hierdie week by swemoefening uitkom. Die res van die swemmers kan by die nuwe rooster inval.

‘n Nuwe buitemuurse rooster sal in die laaste week van die kwartaal uitgegee word vir die aktiwiteite van die tweede kwartaal .

BOEKUITSTALLING (herhaal)

‘n Boekuitstalling word beplan vir 1 & 2 Maart. Spaar solank ‘n geldjie sodat jy jou leesstof weer kan aanvul.

MUSIEK

Alle musieklesse is reeds volstoom aan die gang. Indien u nog belangstel om u kind in te skryf vir musiekonderrig, kan u enige van die musiekonderwyseresse kontak.

Alle musiekgelde vir die eerste kwartaal is betaalbaar voor/op Vrydag, 2 Maart 2018.

SNUFFELS

FRANSE MARK 3 MRT BY VILLA AVIANTO!!!

KOM STAP AS GESIN OF MET KLEIN HOND AAN LEIBAND DIE SPICEWALK.TEN BATE VAN CANSA(KINDERS) DONASIE WORD WAARDEER! SPICE WALK BEGIN 7.00 BY FONTEIN
FRANSE MARK 7.30 – 14;00
NUWE VERMAAK VIR KINDERS: POPPEKAS, BOEKVOORLESING EN PLESIERRITTE IN WAENTJIES VIR KINDERS@ R15

Flip van sekuriteit is op soek na ‘n kitaar om te koop. Skakel 081 775 2974 as u kan help.

Tweeslaapkamerwoonstel te huur in Bainsvlei. R4 000 per maand, water ingesluit. Beskikbaar 1 Maart. Skakel 083 645 3694

Kovsie-student – B.Com Rek, 22 jaar oud: Baie behulpsame jong man opsoek na au pair of rondry-werk. Het eie vervoer en geldige bestuurslisensie. Kontak Ruan Meintjies by 082 388 9895.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com